Lente in Bediening en Teologie

Lentekonferensie

14 – 16 SEPTEMBER 2021

“Brave new world”.

Saam met Jesus ‘n vreemde toekoms in

‘n Vriendelike uitnodiging

- aan leraars, lidmate en ander belangstellendes -

Hiermee word jy hartlik uitgenooi na Excelsus se sestiende Lentekonferensie, Lente in Bediening en Teologie.

Dié konferensie vind plaas vanaf

14-16 September 2021

Vanjaar se konferensie word **volledig aanlyn** aangebied.

Die tema vir 2021 is …

“Brave new world”.
Saam met Jesus ‘n vreemde toekoms in

Tydens drie oop sessies word die volgende onderwerpe hanteer:

- **Met Jesus op pad tussen hemel en harde grond?**
  – **Elna Mouton**
  Dinsdag, 09:00 – 11:00

- **‘n Vreemde nuwe wêreld**
  – **Max du Preez**
  Woensdag, 09:00 – 11:00

- **Following Jesus in a strange new world**
  – **Michael Lapsley**
  Donderdag, 11:00 – 12:45

Die oop sessies word deur alle kursusgangers bygewoon.

Ons bied ook paralelle oggendsessies oor die drie dae waar jy uit die vier temas een keuse kan maak.

Dinsdagmiddag is daar ses paralelle groepsessies onder leiding van die Fakulteit Teologie en Religie (Universiteit van Pretoria). Elke konferensieganger kan twee van die ses sessies bywoon.

Woensdagmiddag is daar ook ses paralelle groepsessies waar jy uit die ses temas ‘n keuse van twee kan maak.

Teken die datum aan en maak seker
dat jy so gou moontlik inskryf.

Die inskrywingsfooi beloop R320-00 per persoon.

Die Lentekonferensie is deel van Excelsus se program vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO) en word in samewerking met die Hervormde Teologiese Kollege en die VBO-Forum van die NG Kerk aangebied.

Kursusgangers verwerf **30 VBO-punte**.

By Excelsus bou ons saam aan 'n kultuur van lewenslange leer!

Vriendelike groete

André Bartlett

Excelsus
SENTRUM VIR
BEDIENINGSONTWIKKELING

OGGEND-WEGBREEKSESSIES (O)

Sien uitgebreide beskrywing later in die brosjure

DIE VOLGENDE TEMAS WORD OPEENVOLGEND OOR DRIE OGGENDE AANGEBIED

(LW: Dit is nie dieselfde sessie wat herhaal word nie, maar een tema wat oor drie dae ontwikkel word)

Kies een en dui ook 'n tweede keuse aan.

O1

Mense wat aan God verbind is bevind hulle voortdurend in 'n "Brave new world".

– Drr Fanie Cronjé en Kobus Myburgh

O2

Duik diep: Die uitnodigings van 'n dieper spiritualiteit vir wanneer die wêreld onderstebo is.

– Dr Marina Strydom

O3

Leierskap in onseker tye.

– Dr Lourens Bosman

O4

Uitdagings vanuit die bio-tegnologie: Hoe kan gelowiges na dink oor God, DNA en geen manipulasie?

– Dr Camille Castelyn

FAKULTEITS-WEGBREEKSESSIES (N1)

Sien uitgebreide beskrywing later in die brosjure

DIE VOLGENDE TEMAS WORD DINSDAG, 14:00 - 15:15 AANGEBIED.

Kies een en dui ook 'n tweede keuse aan

N1.1

***Vanuit die Ou Testament en Hebreeuse Literatuur*: Die toekoms was nog altyd vreemd: Ou-Testamentiese strategieë om onsekerhede te oorleef.**

– Prof Sias Meyer

N1.2

***Vanuit die Nuwe Testament en verwante Literatuur*:**

Alles eindig: Die rol van aanvaarding in 'n betekenisvolle vreemde toekoms.

– Dr Hanré Janse van Rensburg

N1.3

***Vanuit die Sistematiese en Historiese Teologie*:**

Saam met Jesus 'n vreemde toekoms in? Nee, eerder: Saam met vreemde Jesus die toekoms in.

– Prof Danie Veldsman

FAKULTEITS-WEGBREEKSESSIES (N1)

Sien uitgebreide beskrywing later in die brosjure

DIE VOLGENDE TEMAS WORD DINSDAG, 15:45 - 17:00 AANGEBIED

Kies een en dui ook 'n tweede keuse aan

N1.4

***Vanuit die Religie Studies*:**

Hoe verander die 4e Industriële Revolusie Teologie?

– Prof Jaco Beyers

N1.5

***Vanuit die Sistematiese en Historiese Teologie*:**

Terug na die toekoms: Die NGK en kerkverband.

– Prof Johan van der Merwe

N1.6

***Vanuit die Praktiese Teologie & Missiologie*:**

"Bid jou aan..." Só gaan ons glo in 2030, 2040, 2050...

– Prof Christo Lombaard

NAMIDDAG-WEGBREEKSESSIES (N2)

Sien uitgebreide beskrywing later in die brosjure

DIE VOLGENDE TEMAS WORD WOENSDAG, 14:00 – 15:15 AANGEBIED

Kies een en dui 'n tweede keuse aan

N2.1

"*Hoe ver kan die onsuiwerheid van 'n kerk gaan, en sy tóg ware Kerk van Christus bly?*" Oor 'n Doleansie twee - nee, 135 - jaar tevore.

– Dr Jan Lubbe

N2.2

Covid-19: Fiksie, feite en die onseker toekoms.

– Elsabé Brits

N2.3

Om steeds oor God te kán praat.

Die gebruik van poësie om méér oor God te kan sê.

– Dr Nico Smit

NAMIDDAG-WEGBREEKSESSIES (N2)

Sien uitgebreide beskrywing later in die brosjure

DIE VOLGENDE TEMAS WORD WOENSDAG, 15:45 – 17:00 AANGEBIED

Kies een en dui 'n tweede keuse aan

N2.4

Hoe lyk die Universiteit van die toekoms?

– Prof Jaco Beyers

N2.5

Back to the future. Om vanuit die toekoms die hede te weeg. Die Sefanja-projek.

– Dr James Kirkpatrick

N2.6

Genoeg is genoeg. 'n Toekoms waar "volhoubaarheid" meer as 'n gonswoord is.

– Ds Fay van Eeden

PROGRAM

DINSDAG, 14 SEPTEMBER

09:00 – 11:00
Opening, verwelkoming en Hoofspreker 1

Elna Mouton

11:30 – 13:00
Oggendwegbreeksessies (O)
1.1, 1.2, 1.3 EN 1.4

1.1 Fanie Cronjé en Kobus Myburgh
1.2 Marina Strydom
1.3 Lourens Bosman
1.4 Camille Castelyn

14:00 – 15:15
Fakulteitswegbreeksessies (N1)
1, 2 en 3

1 Sias Meyer
2 Hanré Janse van Rensburg
3 Danie Veldsman

15:45 – 17:00
Fakulteitswegbreeksessies (N1)
4, 5 en 6

4 Jaco Beyers
5 Johan van der Merwe
6 Christo Lombaard

PROGRAM

WOENSDAG, 15 SEPTEMBER

09:00 – 11:00
Opening en Hoofspreker 2

Max du Preez

11:30 – 13:00
Oggendwegbreeksessies (O)
2.1, 2.2, 2.3 EN 2.4

2.1 Fanie Cronjé en Kobus Myburgh
2.2 Marina Strydom
2.3 Lourens Bosman
2.4 Camille Castelyn

14:00 – 15:15
Namiddagwegbreeksessies (N2)
1, 2 en 3

1 Jan Lubbe
2 Elsabé Brits
3 Nico Smit

15:45 – 17:00
Namiddagwegbreeksessies (N2)
4, 5 en 6

4 Jaco Beyers
5 James Kirkpatrick
6 Fay van Eeden

PROGRAM

DONDERDAG, 16 SEPTEMBER

09:00 – 10:30
Oggendwegbreeksessies (O)
3.1, 3.2, 3.3 EN 3.4

3.1 Fanie Cronjé en Kobus Myburgh
3.2 Marina Strydom
3.3 Lourens Bosman
3.4 Camille Castelyn

11:00 – 12:45
Hoofspreker 3 en afsluiting

Michael Lapsley

OGGENDWEGBREEKSESSIES (O)
Uitgebrei

Die volgende tema word oor drie dae ontwikkel.
Kies een en dui ook ‘n tweede keuse aan.

Tema O1

Mense wat aan God verbind is bevind hulle voortdurend in ‘n “Brave new world”.

Ons gaan aan die hand van Deut 32 en Heb 10 kyk hoe die tradisie mense voortdurend in staat stel om hulle in moeilike omstandighede te reoriënteer.

***Leiers**: Drr Fanie Cronjé en Kobus Myburgh. Fanie is medeleraar by Lynnwood Gemeente en Assistent-redakteur vir “Journal for Semitics”. Kobus het sy proefskrif oor die historiese Jesus geskryf. Tans maak die lees van ou tekste en die interpretasie daarvan, hom nog steeds baie opgewonde.*

Boeke om te lees:

Albertz, R 1992. *Religionsgeschichte Israels in alttestamentlicher Zeit.* Teil 1 & 2. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
Boshoff, W (et al.) 2000. *Geskiedenis en Geskrifte. Pretoria: Protea.*
Carr, DM. 2010*. An Introduction to the Old Testament. Sacred Text and Imperial Contexts of the Hebrew Bible.* Oxford: Wiley-Blackwell.
Gertz J (Ed.) 2010 *Grundinformation Altes Testament. Eine Einführung in Literatur, Religion und Geschichte des Alten Testaments 4.* Auflage (UTB) Vandenhoeck & Ruprecht.
John van Setters 1991. *The Pentateuch – A Social-Science Commentary*
Zenger, E 2004. *Einleitung in das Alte Testament.* (5.Auflage) Stuttgart: Kohlhammer.

Tema O2

Duik diep: Die uitnodigings van ‘n dieper spiritualiteit vir wanneer die wêreld onderstebo is.

‘n Dieper spiritualiteit kan ons begelei om die gawes van uitdagende tye te ontgin, en so nuwe paaie te ontdek wat nuwe maniere van wees ontgin.

Ons ondersoek bepaalde geloofspraktyke en vind nuwe perspektiewe waardeur ons na die werklikheid kan kyk, daarbinne kan leef en ‘n fundamentele verskil kan maak in ‘n komplekse realiteit.

***Leier**: Dr Marina Strydom. Marina is voltydse leraar by Ooskerk in Pretoria. Haar veld van spesialisasie is die kontemplatiewe spiritualiteit en spirituele formasie.*

Tema O3

Leierskap in onseker tye.

Leierskap in die kerk is waarskynlik van die heel moeilikste wat daar is: Jou werksmag is byna almal vrywilligers en hulle verwagtings van jou is geweldig uiteenlopend. Voeg daarby die onseker tye wat ons deesdae beleef, en jou taak as leier word nog ingewikkelder. In hierdie sessies gaan ons probeer om 'n paar rigtingwysers te vind vir hoe die gemeente getrou kan bly aan die roeping wat die Here vir die gemeente het. Dit verg 'n spesiale soort leierskap.

***Leier**: Dr Lourens Bosman. Lourens is die Algemene Bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode. Die fokus van die pos is die missionale roeping van die NG Kerk en strategiese bestuur van die taakspanne van die Algemene Sinode.*

Boeke om te lees:

Daniel Goleman: *Primal Leadership: Unleashing the Power of Emotional Intelligence.*
Kouzes J. M. & Posner, B. Z: *The truth about leadership. The no-fads, heart of the matter facts that you need to know.*
Jim Collins & Morten T Hansen: *Great by Choice: Uncertainty, Chaos and Luck. Why some thrive despite them all.*
D Michael Abrashoff: *Its your ship. Management Techniques from the best damn ship in the navy*.
Tod E Bolsinger: *Canoeing the Mountains: Christian Leadership in Uncharted Territory.*
Allan Roxburgh: *Missional Map-making*.
Malan Nel: *Identity driven Chrurches*.
Ken Blanchard & Phil Hodges: *Lead like Jesus*.
Bob Johansen: *Leaders make the future: Ten new leadership skills for an uncertain world.*
Gayle Avery: *Understanding Leadership.*
Otto Scharmer: *Leading from the future*.

Tema O4

Uitdagings vanuit die bio-tegnologie: Hoe kan gelowiges na dink oor God, DNA en geen manipulasie?

In die hedendaagse samelewing bring die ontwikkeling van bio-tegnologieë soos genetiese toetsing vir bv. Downsindroom, CRISPR geen manipulasie, vaksines en kloning, vrae na vore vir gelowiges. Aan die hand van die Bybel, teoloë, wetenskaplikes en my navorsing identifiseer ons kapstokke as grondslag vir gesprek en nadenke.

Tema 1.1 - Dinsdag
In vandag se wêreld ontwikkel tegnologie baie vinniger as wat etiese gesprekke kan byhou. Ons kyk na van die bio-tegnologieë wat tans bestaan, ontwikkel 'n basiese verstaan daarvan en identifiseer van die etiese uitdagings daar rondom.

Tema 1.2 - Woensdag
In die vreemde wêreld van DNA en geen manipulasie raadpleeg ons 'n diversiteit van standpunte/lense vanuit die wetenskap, die Bybel, teoloë, ander gelowiges en my PhD navorsing.

Tema 1.3 - Donderdag
Ten einde is my hoop om by 'n paar voorlopige kapstokke aangaande gelowiges en bio-tegnologieë uit te kom. Die kapstokke kan dan as hulpmiddel vir huidige en toekomstige moeilike gesprekke in gemeentes en ook die wyer samelewing dien.

***Leier**: Dr & Proponent Camille Castelyn. Camille is betrokke by die Centre for Ethics and Philosophy of Health Sciences, Etiek Kommitee Lid & Uitvoerende Redakteur van Voices in Bioethics.*

Boeke om te lees:

The Gene: An Intimate History, Siddharta Mukherjee
21 Lessons for the 21st Century, Yuval Harari
You are Special, Max Lucado
A Crack in Creation, Jennifer Doudna & Samuel H. Sternberg
Surprised by the Man on the Donkey, Denise Ackermann
She Has Her Mother's Laugh, Carl Zimmer

FAKULTEITS-WEGBREEKSESSIES (N1) Uitgebrei

Keusetema N1.1, N1.2 en N1.3 word **Dinsdag** van **14:00 – 15:15** aangebied. (Kies een en dui 'n tweede keuse aan).

Keusetema N1.4, N1.5 en N1.6 word **Dinsdag** van **15:45 - 17:00** aangebied (Kies een en dui 'n tweede keuse aan).
Dui jou keuses per groep op die inskrywingsvorm aan.

Keusetema N1.1

***Vanuit die Ou Testament en Hebreeuse Literatuur*: Die toekoms was nog altyd vreemd: Ou-Testamentiese strategieë om onsekerhede te oorleef.**

Die Ou Testament is gebore uit onsekerheid en trauma. Dit bestaan uit 'n versameling veelvuldige stemme wat almal op hulle eie manier die implikasies van Jahwe-geloof in 'n deurmekaar tyd probeer verwoord het. Hierdie lesing probeer om 'n oorsig te gee oor Ou-Testamentiese "oorlewingstrategieë" in die hoop om iets daaruit te leer.

Leier: *Prof Sias Meyer. Sias is Medeprofessor in Ou Testament, Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van Pretoria. Sy spesialiteitsgebied is Levitikus en priesterlike tekste in die Pentateug.*

Een goeie boek: Carr, DM 2014. Holy Resilience: The Bible's Traumatic Origins. New Haven: Yale University Press

Keusetema N1.2

***Vanuit die Nuwe Testament en verwante Literatuur*: Alles eindig: Die rol van aanvaarding in 'n betekenisvolle vreemde toekoms**.

"We must always welcome the end of all things. For sometimes knowing nothing lasts forever is the only way we can learn to fall in love with all the moments, and all the people, that are meant to take our breath away." - Robert M. Drake.

Sluit by my aan vir 'n verkenning van Nuwe Testamentiese perspektiewe op trauma en aanvaarding en die rol daarvan in die moontlik maak van 'n betekenisvolle vreemde toekoms.

***Leier*:** *Dr Hanré Janse van Rensburg. Hanré is Senior Lektor in die Departement Nuwe Testament en Verwante Literatuur, Fakulteit Teologie en Religie, aan die Universiteit van Pretoria. Haar spesialiteitsgebied is Openbaring, eskatologiese en apokaliptiese literatuur, sosiaal-wetenskaplike kritiek, leser-respons kritiek, spraakhandelingsteorie, affektiewe studies, rituele studies, identiteit en interseksionele identiteitsformasie.*

Keusetema N1.3

Vanuit die Sistematiese en Historiese Teologie: Saam met Jesus 'n vreemde toekoms in? Nee, eerder: Saam met vreemde Jesus die toekoms in.

Oorsig en bespreking van die wyduiteenlopende eietydste Christologiese diskoerse en die belangrikste beklemtoninge binne die verskuifde raamwerk vanaf 'n klassieke Christologie na 'n raamwerk van Geloof en Geskiedenis in 'n post-Verligtingstydperk.

Leier: *Prof Danie Veldsman. Danie doseer Sistematiese Teologie en is tans hoof van die Deptartement Sistematiese en Historiese Teologie aan die Fakulteit Teologie en Religie aan die Universiteit van Pretoria. Hy spesialiseer in die re-konseptualisering van religieuse ervaring vanuit evolusionêre.*

Keusetema N1.4

Vanuit die Godsdiens Studies: Hoe verander die 4e Industriële Revolusie Teologie?

Die technokratiese werklikheid van die hede vereis 'n verduideliking van hoe gelowiges die verhouding tussen mens en masjien en God verstaan. Tegnologie is vir sommige 'n bedreiging wat die einde van ons wêreld inlei. Vir ander is tegnologie die uitkoms en oplossing waarna ons solank gesmag het. Hoe dit ookal sy, tegnologie word ervaar as apokaliptiese gebeure en dwing gelowiges om anders oor ons antropocene bestaan te besin.

Leier: *Prof Jaco Beyers. Jaco is die hoof van die Departement Godsdiensstudies, Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van Pretoria Sy navorsingsfokus is sekularisasie, godsdienssosiologie, inter-religieuse verhoudinge.*

Boeke om te lees:

Noble, David F., 1997, *The Religion of Technology: The Divinity of Man and the Spirit of Invention*. Alfred E Knopf Books: New York.
Stahl, W.A., 1999, *God and the Chip: Religion and the culture of Technology*. Wilfrid Laurier University Press: Waterloo.
Herzfeld, N.L., 2009, *Religion and Technology: Remaining human in a co-created world. Templeton Press*: Conshohoken.
Anderson, W.H.U., 2020, *Technology and Theology*. Vernon Press: Wilmington.

Keusetema N1.5

Vanuit die Sistematiese en Historiese Teologie: **Terug na die toekoms: Die NGK en kerkverband.**

Ons volg die verhaal van kerkverband in die NGK. Die groot vraag wat gevra word is: "Hoe help die ontstaan, verbreking en die herstel van die kerkverband van die NGK ons om dapper en kreatief nuut te dink oor kerkverband. In ander woorde: Hoe kan kerkverband in die NGK in die toekoms lyk?

Leier*: Prof Johan van der Merwe. Johan is dosent in kerkgeskiedenis en kerkreg. Sy fokusarea is Suid Afrikaanse kerkgeskiedenis van die 20ste eeu.*

Keusetema 1.6

Vanuit die Departement Praktiese Teologie en Missiologie**: " Bid jou aan... "Só gaan ons glo in 2030, 2040, 2050.**

Ons is almal opgelei met die idee, geloof is onder druk. Godsdienstigheid verminder orals. "Die wêreld is ons woning nie..."

Maar hierdie was een van die gevalle waarin ons nagenoeg alles misverstaan het: Gewoon demografies gesproke, word die wêreld meer gelowig, en meer konserwatief gelowig. En hierdie twee tendense gaan vir die volgende dekades voortduur.

Dit beteken: Dit is tyd dat ons ánders - naamlik meer realisties - as gelowiges dink, preek, doen, bid, glo.

En hóé!

Maar hoe...?

Leier*: Prof Christo Lombaard. Christo is Departementshoof: Praktiese Teologie en Missiologie, Universiteit van Pretoria. Sy spesialisgebiede is Bybel en spiritualiteit en Post-sekularisme.*

NAMIDDAG-WEGBREEKSESSIES (N2) Uitgebrei

Keusetema **N2.1, N2.2 en N2.3** word **Woensdag** van **14:00 – 15:15** aangebied. (Kies een en dui 'n tweede keuse aan).
Keusetema **N2.4, N2.5 en N2.6** word **Woensdag** van **15:45 - 17:00** aangebied. (Kies een en dui 'n twee keuse aan).
Dui jou keuses per groep op die inskrywingsvorm aan.

Keusetema N2.1

"*Hoe ver kan die onsuiwerheid van 'n kerk gaan, en sy tóg ware Kerk van Christus bly?*" Oor 'n Doleansie twee - nee, 135 - jaar tevore.

In die tweede jaar van ons ontwrigting en 'n tyd waarin die vreemde woord "dolering" algemeen in en rondom die NG Kerk geword het, mag dit ons help om te vra na die historiese wortels van hierdie beweging, die begrip self en dit tewens te verantwoord teen die agtergrond van ons belydenis van "een, heilige, algemene Christelike Kerk" (Apostolicum, Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus). Want, in die woorde van ons spreker (wat oortuig was dat ons "voor een geheel nieuwe orde van zaken" staan), lê daar in die Protestantse beginsel van kerkhervorming, ook "een kerkontbindend element"…

***Leier**: Dr Jan Lubbe. Jan is leraar van die NG Kerk Berg-en-Dal in Bloemfontein, voorsitter van die Kuratorium van die NG Kerk Vrystaat, kerkhistorikus en deeltydse dosent in die Fakulteit Teologie en Religie aan die Universiteit van die Vrystaat.*

Lys van Boeke: *Die Kerkbode*, 8 September 1921 ('n eeu gelede).

Keusetema 2.2

Covid-19: Fiksie, feite en die onseker toekoms.

Hoe navigeer 'n mens tussen al die waninligting oor Covid-19 wat by die dag meer word? Wat is feite en wat is fiksie en, hoe onderskei 'n mens tussen die twee, om die beste inligting wat die wetenskap bring te vind? Onsekerhede en vrees is die teelaarde vir vals, geteikende boodskappe op sosiale media ten koste van ons gesondheid, midde 'n pandemie. Ek gesels oor entstowwe, immuniteit en ook emosie.

***Leier**: Elsabé Brits. Elsabé is Vryskut-wetenskapjoernalis.*

.

Keusetema N2.3

Om steeds oor God te kán praat.

Die gebruik van poësie om méér oor God te kan sê.

Die lesing handel oor die gebruik van poësie in 'n hedendaagse konteks, veral in eredienste. Poësie is metaforiese taal. Poësie is ook ekonomiese taalgebruik. Die Bybel is vol metafore en poëtiese beelde.

Poësie word dan gebruik om uit te wys hoe ons (dalk) nog méér oor God kan sê deur die gebruik van gedigte – veral in die liturgie, in 'n postmoderne wêreld.

Leier: *Dr Nico Smit. Nico is Leraar, Dalpark Kaléo Gemeente.*
Sy spesialiteitsvelde is Liturgie en Pastoraat.

'n Lys van boeke wat hy aan die einde van sy aanbieding met die kursusgangers kan deel.

Cilliers, J. 1998. Die Uitwysing van God op die Kansel: Inspirerende perspektiewe op die prediking – om God te sien en ander te laat sien. Kaapstad: Lux Verbi.

Cilliers, J. 2007. Binne die kring-dans van die kuns: die betekenis van estetika vir die gereformeerde liturgie. Stellenbosch: AFRICAN SUNMeDIA.

Critchley, S. 2004. Very Little Almost Nothing. New York: Routledge.

Kearney, R. 1998. Poetics of Imagining. New York: Fordham UP.

Kearney, R. 1998. The Wake of Imagination. Toward a postmodern culture. Londen: Routledge.

Keefe-Perry, C. 2014. Way to water. A theopoetics primer. Eugene OR: Cascade Books.

Müller, J.C. 1988. Die erediens as fees. Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

Pieterse, H.J.C. 1991. Gemeente en prediking. Halfway House: NG Kerk Boekhandel.

Vos, C.J.A. & Wepener, C. 2014. Tussen God en mens, 'n Literêr-estetiese benadering tot liturgie en prediking in die 'n skuiwende kultuur. Pretoria: Hond.

Keusetema N2.4

Hoe lyk die Universiteit van die toekoms?

In 'n veranderende wêreld sal universiteite moet bybly om te voorsien in die opleiding van persone vir die werksmag van die toekoms. In die onbekende wêreld van die toekoms van werk, sal opleidingsinstellings baie doelgerig moet beplan om aan die vereistes van die samelewing te voldoen.

Leier: *Prof Jaco Beyers. Jaco is die hoof van die Departement Godsdiensstudies, Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van Pretoria*
Sy navorsingsfokus is sekularisasie, godsdienssosiologie, inter-religieuse verhoudinge.

Keusetema N2.5

Back to the future. Om vanuit die toekoms die hede te weeg. Die Sefanja-projek.

Een van die sentrale temas in die boek Sefanja is die "Dag van die Here" wat iewers in die toekoms gaan aanbreek. Ons gaan met 'n deeglike lees van dié boek die noue verband tussen toekoms en hede ondersoek. Die eskatologie (toekomsverwagting) van Sefanja help ons om nie van eskatologie 'n escapology te maak nie. Die toekomsverwagting van die profete is geen cop out om die werklikheid te ontvlug nie. Hierdie voorbeeldteks (Sefanja) behoort insig te gee in hoe die toekomsverwagting by die profete gewerk het.

Leier: *Dr James Kirkpatrick. James is Predikant by Stellastraat gemeente. Sy proefskrif het gehandel oor die eskatologie in die boek Sefanja, maar die laaste dekade of wat het hy op die hermeneutiek (verstaanskunde) gefokus.*

Keusetema N2.6

Genoeg is genoeg. ‘n Toekoms waar ‘volhoubaarheid’ meer as ‘n gonswoord is.

God se skepping is ‘n ruimte van sorg. Ons as gelowiges word geroep om te sorg dat dit ‘n ruimte is waar alle lewe kan floreer. Een van die wyses waarop ons dit kan doen is om ons verbruik van hulpbronne te evalueer en aan te pas. Kom dink en droom saam oor hoe die kerk, en dan spesifiek plaaslike gemeentes, gemeentelede kan begelei en inspireer tot ‘n meer volhoubare lewenswyse.

Leier: *Ds Fay van Eeden. Fay is Predikant by Stellastraat gemeente. Haar fokus by die gemeente is Uitreik en Ekologie.*

Inskrywingsfooi:

Inskrywingsgeld kan per elektroniese oorplasing in die onderstaande rekening oorbetaal word. Bewys van betaling moet gestuur word na: excelsus@up.ac.za

Kursusfooi:
R320.00

Inbetalings:
TSO, ABSA, Takkode 632005, Rekeningnommer 142 0830 463.

Verwysing:
LK plus Naam en Van van individu, of
LK plus Naam van Gemeente indien meer as 1 inskrywing betaal word.

Kansellasiefooi:
Voor of op 31 Augustus: 50% van die kursusfooi
Na 7 September: 100% van die kursusfooi

Ontvangs van inskrywing geskied per e-pos. (Indien e-pos nie voor 10 September 2021 ontvang word nie, kontak Rika by excelsus@up.ac.za).

www.excelsus.org.za
epos - excelsus@up.ac.za

Excelsus
SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING